

Aankondigings  
 Toetrede Lied 528 : 1 & 3  
 Aanvangswoord  
 Seëngroet  
 Sang FLAM 390 : 1 (X2)  
 Wet  
 Skuldbelydenis Lied 243 : 1  
 Geloofsbelydenis  
 Offergawes  
 Gebed

**Skriflesing** Lukas 14 : 15—24  
**Tema:** “Wie eet saam met Jesus?” Deel 2

**Gebed**  
**Wegsending** Lied 532 : 1—3  
**Seën**  
**Antwoord** Lied 314 : 1



# Heuwelsein

**S O N D A G 21 Julie 2019**  
**Koninkrykstyf 6**



**09:00 Formele diens: Ds Mauritz**

Teks: Lukas 14 : 15—24

Tema: “Wie eet saam met Jesus?” Deel 2

**9:50 Kategese**

**10:30 Kruiskerk: Ds Mauritz**

Teks: Lukas 14 : 15—24

Tema: “Wie eet saam met Jesus?” Deel 2

**15:00 Sothodiens: Ds Mauritz**

**17:30 Aanddiens: Ds Willie Henning**

Teks: 1 Kronieke 17 : 1—16

Tema: God voorsien, al is dit ook met buitengewone middele

**DEURKOLLEKTE:**  
 Fonds vir Blindes

**ROLSTOELFASILITEIT**  
 Rolstoeldiens vanaf die  
 parkering tot in die kerk vir  
 gestremdes beskikbaar wees.

<b>Diakens diensbeurte:</b>	<b>21 Julie</b> Margaret, Petrusa, Trudie, Hennie, Linda, Clasina, Deon	<b>28 Julie</b> Annie, Rina, Schalk, Ina Visser, Rika, Magriet Deon
<b>Ouderling diensbeurte:</b>	<b>21 Julie</b> — Hermine Watson <b>28 Julie</b> — Piet Heckroodt	<b>Kantoordiens:</b> <b>21 Julie</b> — Annetjie v Wyngaardt <b>28 Julie</b> — Elize Klopper

**ALGEMENE INLIGTING:**

- **Leraar:** Ds Mauritz Heyneman  
 Adres: Danie Pienaarsingel 12, Pentagonpark  
 Kontakbesonderhede: 079 895 3916  
 of 051 436 1644
- **Leraar:** Dr Charles Mitchell  
 Adres: Monaco 3, Dawid Bothasingel, Heuwelsig  
 Kontakbesonderhede: 079 895 3911  
 of 051 436 4769
- **Kerkkantoor:** Laliq Janse van Rensburg  
 Adres: Stratfordstraat 43, Heuwelsig  
 Kontakbesonderhede: 051 436 6634
- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil ultiel. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.
- **Huisbesoek:** Indien jy 'n behoefte aan huisbesoek het, of bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig, kontak asb vir Ds Mauritz, jou kerkraadslid of die kerkkantoor. **Ons is hier vir jou!** Laat weet asb jou leraar van siekte, veral **hospitalisasie**. As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... dit geld ook asb. wanneer persone “step downs” toe gaan.
- **Tee/koffie:** ons drink elke Sondag in die kwartaal tee tussen die twee oggenddienste. Jy is baie welkom daar. Nooi gerus iemand vir 'n lekker koppie tee/koffie. Dankie aan die skinkers!

### Lief en leed:

- Rina Erasmus (C) Heupvervanging gehad
- Janna Claassens (A) Hartversaking
- Susan Smith (L) Erge depressie
- Hennie Smith (M) Skouer gebreek
- Koot Wilken (B) ICU
- Andaléne Strauss (M) Kanker
- Frikkie Swanepoel (M) Kanker
- Trudie Taljaard (M) Kanker
- Retha Grobler (C) Kanker
- Dr. Charles emeriteer (tree af) aan die einde van Julie en sal daarna bevestig word as tentmaker-leraar by die NG Gemeente Andrew Murray in Bloemfontein. Hy is tans met sabbatsverlof tot 27 Julie. Sy afskeidspreek en –funksie word beplan vir DV Sondag 28 Julie. Hy word in Andrew Murray-gemeente bevestig op Sondag 4 Augustus. Baie sterkte dr Charles en Christa op hierdie nuwe pad.

### LET WEL:

- ⇒ **Kommissievergaderings:**
  - ◆ Sondag 21 Julie 16:00 AMPSBEDIENING
  - ◆ Sondag 21 Julie 18:30 GETUIENIS
  - ◆ Maandag 22 Julie 17:30 ADFIN
- ⇒ Indien daar lidmate is wat geroepe voel om betrokke te raak by die eredienste vir **Sothosprekendes**, kontak asb. vir ds Mauritz 079 895 3916
- ⇒ Ons benodig DRINGEND 'n **kategeet** vir die Gr. 9/10 kategeseklas. Kontak asb. Elna de Waal 083 550 9916 of ds Mauritz 079 895 3916
- ⇒ By **Pick n Pay Preller Walk** is 'n houer met Heuwelkruin se naam op waarin u u strokies kan plaas. Die gemeente kry 'n deel van die strokie se geld terug.
- ⇒ **Basaar:** Ons begin solank leë tunablikkies ook bymekaarmaak vir vetplante vir basaarverkope
- ⇒ **Tsumkwe-terugvoerdiens** Sondagaand 21 Julie om 18:00 by Heuwelsig-gemeente

### Dr Böhmer-skool

Heuwelkruin verskaf gesmeerde toebroodjies van 26—31 Augustus by dr Böhmer-skool. Enigeen wat kans sien om te help, kontak asb. vir Margaret Olivier 082 449 9720

### Dringend

Ons benodig dringend persone om aan te meld en opgelei te word as klankoperateurs. Kontak asb. vir ds Mauritz 079 895 3916

eredienskollekte met 1,8% gedaal het. Dank word betuig aan elke lidmaat wat getrou bydra tot die werk binne gemeentes. Finansies druk oral en 'n beroep word op gemeentes gedoen om op vindingryke wyses hul finansies aan te vul;

- **Die Ringskommissie** rapporteer dat persone wat die Ring by die algemene sinode gaan verteenwoordig, dr Gerhard Botha (Heuwelsig) is met sekundus, oud Coenie Lubbe (Heuwelkruin). Verder ook dat dr Charles Mitchell van Heuwelkruin aftree maar as tentmaker deur Andrew Murray Gemeenskapskerk gaan werk. Die vergadering ondersteun ook 'n voorstel dat visitasie in die Ring voortaan met 'n erediens die Sondag, deur die konsulent as visitator opgevolg gaan word, alles met die oog op beter kommunikasie in die Ring.
- Die Ring rapporteer ook oor enkele sake rondom die individuele gemeentes, en lig die volgende uit:
- **Aandbloem:** Hierdie gemeente binne Westerbloem, het hulle 25-jarige vieringe op 14 en 21 Julie en die Ring is uitgenooi om die verrigtinge by te woon;
- **Bloemheuwel:** Hul het 'n besondere bediening in Grasland (plakkerskamp) begin. Hulle het mense opgelei om daar te arbeid en verskaf dmv Bybelstudiegroepe, Woensdae broodjies aan 200 kinders wat daaglik by die kerkie verbyloop skooltoe. Die kerkie word gebruik vir eredienste, opleiding en jeugwerk. Hulle het ook 'n klereprojek begin. Bloemheuwel rapporteer ook die toenemende dwelmprobleem in die Brandwag-area;
- **Boshof:** Die Ring is diep geraak deur die plaasmoord van 2 lidmate van Boshof. Ons is ingelig oor 43 gesinne wat deur die gemeente se barmhartigheidsdiens gehelp word. Plase wat onbewoon is en deur mense buite die gemeente besit word, ontvolk die platteland. Lidmate is graag by die gemeente betrokke;
- **Gardeniapark:** Lidmate gee al hoe meer hulle tyd en gawes tot opbou van die gemeente. Die doel van 'n "circle of friends" word al hoe meer nagestreef;
- **Heuwelkruin:** 'n Strategiese proses word gevolg om hierdie ouerwordende gemeente se dalende getalle en finansies te bestuur. Alle kommissies word gevra om uitgawes drasties te verminder. Strategie sal mettertyd bepaal hoe die strukture voortaan sal lyk. Dr Mitchell is bedank vir sy 19 jaar se arbeid in Heuwelkruin;
- **Heuwelsig:** Die gemeente kies steeds om diensbaar te wees. 'n Groot verskeidenheid bediening spoor lidmate aan om 'n tuiste vir baie te wees. God se Woord keer nie leeg terug nie en die Gees werk steeds in mense se harte om op alle vlakke hul bydraes te maak;
- **Woodland Hills NG Gemeenskapskerk:** Hierdie gemeente wil graag werksaam wees solank geleentede daarvoor bestaan. Dit beteken dat hulle relevant wil wees en dus daarna streef om 'n moderne missionale gemeente te wees. Wie die gemeenskap wil dien, sal altyd relevant wees. Hul word gekenmerk aan offervaardigheid vir 'n wye verskeidenheid bedieninge en 'n welwillendheid om die Here te dien.

Geen gemeente of Ring kan selftevredede agteroor sit en reken dat diensbaarheid, groei en dinamika vanself sal kom nie. Biddend en afhanklik van die versorging van die Vader, die navolging van die Seun en die leiding van die Heilige Gees, is dit wél moontlik om in vinnig-veranderende tyd, steeds 'n verskil te maak. "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee (2Kor 1: 3)". Soli Deo Gloria – Aan God alleen die eer.

## HERDERLIKE BRIEF 2019 AAN DIE GEMEENTES

### IN DIE RING VAN BLOEMHEUWEL

Die 7 gemeentes van Bloemheuwel is geopen deur die oudste dienende leraar in die Ring, ds Johann Smit. Uit **Jeremia 23** wys hy die vergadering daarop dat ons nie maklike antwoorde in moeilike tye moet probeer gee nie (verse 29, 36). Tog moet ons mekaar moed inpraat en in geloof voortbeur, want die mense rondom ons se belange, is ook óns belange (**Jer 29: 7, 14**). Skaars 'n uur daarna verneem ons van 'n plaasmoord op lidmate van Boshof. Met hierdie onverstaanbare gebeure in die agterkop, hou ons Ringsitting met die wete, ons verstaan nie alles nie, maar ons dien 'n God wat wél alles verstaan!

- **Onder lief en leed** simpatiseer die Ring innig met die familie van die egpaar wat in genoemde plaasaanval vermoor is. Die Ring neem ook met leedwese kennis van die afsterwe van 'n vrou Nelda Mostert, wat by Wilgehof se laerskool, uitnemende barmhartigheidswerk gedoen het. Di. Fanie Spamer (Heuwelsig) en Mauritz Heyneman het in die afgelope maande 'n moeder en vader verloor. Daar het darem ook nuwe aankomelinge in 2 pastorieë hul opwagting gemaak. Dis in die Engelbrecht en Van Rooyen huishoudings;
- **Die Ring spreek sy dank uit** teenoor lidmate wat in moeilike finansiële tye, getrou tot die koninkrykswerk bydra. Lidmate se entoesiasme in gemeentes is eweneens 'n riem onder die hart. Dank aan kerkrade wat hul werk getrou doen en toesien dat leraars voortgesette teologiese opleiding ontvang by wyse van kursusse & boeke waarvoor ingestaan word. Ook groot dank aan kerkrade wat toesien dat leraars verlof neem. Personeel van kerkkantore word uitgelig as mense wat die vloeï van inligting en administrasie deeglik en netjies hanteer;
- **Op die Getuienisfront** word gerapporteer dat DEGNOS in Namibië ná ds Hendrik se aftrede in 2020, as opleidingsentrum vir die Boesmanbediening, wil voortgaan. Ds Hendrik & Elize van Zyl besoek ons in Augustus. Verder is Rings-gemeentes in verskeie lande betrokke, soos in België, Japan, Lesotho, Namibië, Oman, Pakistan en Zambië, en nader aan huis ook in Botshabelo en Grasland. Die meeste gemeentes het ook 'n Sothobediening in bedryf;
- **Jeug** rapporteer dat daar op verskeie vlakke binne die Ring goeie onderlinge samewerking is. Hieronder word bedoel gesamentlike piekniek, konferensie, uitreike en erediens. "Better Together" byeenkomste is gereël vir 3/2, 21/7 en 13/10. Die gesamentlike belydeniskamp word beplan vir 11-13 Oktober. Vir 2020 word gekyk na bou van mobiele stort- en wasgeriewe vir middestad, staptoere, vakansieklubs, uitstappies, stranddienste ens.;
- **Barmhartigheid** is dankbaar vir die ondersteuning van hierdie diens aan lidmate. Dis dikwels harde en ondankbare werk. Projekte soos die penneverkope, genereer broodnodige fondse aan ENGO. Fondse wat aan ENGO se werk deur die staat geskuld word, beloop R380m (selfs na 5 geslaagde hofsake). Binne 2 maande gaan ons weer hof toe om hierdie beloofde fondse te probeer verhaal;
- **Die Bybelgenootskap** bring dit onder die aandag dat hulle volgende jaar 'n "Bybeljaar" wil uitroep, met die oog op die 200-jarige vieringe. Die nuwe Direkte Vertaling word DV in November 2020 in Bloemfontein van stapel gestuur. Gemeentes word aangemoedig om deur spesiale fondsinsamelings hierdie feesjaar 'n groot jaar te maak. Uitreikbybels is steeds teen R49 per Bybel beskikbaar. Die Bybelgenootskap is innig dankbaar vir die ruim bydraes van lidmate tot die verspreiding van die Woord langs hierdie weg;
- **Finansies** van die Ring toon dat dankofferbydraes in die geheel met 5,2% gestyg en

## VROUEDIENS

Indien daar vroue is wat 'n donasie kan gee vir die gemeente se **verjaarsdag / afskeidsfunksie** van dr Charles en Christa, kontak asb vir Sonja by 071 202 3972. Dankie vir dié dames wat reeds aangemeld het en bydraes gegee het.

**Poedingverkope** van 4 Augustus deur Blokke A, B, L en O verskuif na 18 Augustus.

**Vrouelidmatevergadering** van 5 Aug skuif na 4 Aug en vind plaas na afloop van die Formelediens in die kerk. Al die gemeentevroue word spesiaal uitgenooi! Kom hoor en deel in ons entoesiasme met ons werk by Heuwelkruin!

### "Borg-'n-blik" projek (Athalia) in Septembermaand:

- \* Ons benodig asb nog 60 leë koffieblikke (750g) vir die "Borg-'n-blik"-projek. Dankie aan almal wat so ywerig koffie drink en help blikke bymekaar maak.
- \* Indien daar vroue is wat wil help met die versier van die koffieblikke, kan hul gerus van die blikke in die kantoor gaan afhaal. Kreatief wees is baie goeie terapie ☺.
- \* Borg 'n blik @ R100 per blik. Koevertjies is hiervoor beskikbaar in die portaal of dit kan by die kerkkantoor inbetaal word **OF** help ons asb met die skenk van items waarmee die blikke gevul kan word: tandepasta; tandeborsels; waslappies; Zambuk-salfies; pakkies koekies (klein) of droë vrugte pakkies; sneesdoekie pakkies. Navrae: Sonja 071 202 3972

### UITNODIGING NA GEMEENTESEMINAAR : 23-24 AUGUSTUS 2019

Soos gebruiklik die afgelope klompie jare, bied Heuwelkruin weereens 'n gemeenteseminaar aan, en vanjaar sal dit DV oor evangelisasie gaan. Ds August Basson (*Van Farming God's Way -faam en 'n oud-Matie*) lei ons die Vrydagaand en Saterdagoggend in evangelisasiemetodes wat hy deur die jare dwarsoor die wêreld sien werk het. Hy benader evangelisasie anders as "van-bo-af" en wil ons inlig hoe om saam met ander, rondom die Woord, vir God te ontdek. Ds August het al in Irak en Brasilië, maar ook in Soedan, Kenia en ons buurlande die kerke hierin onderrig. Hy is 'n dinamiese spreker met baie jare se ondervinding in Lesotho (o.a. in Tebalong).



### **XHARIEP-UITREIK!!!**

HEUWELKRUIN Gemeente beplan om op Sondag 1 September 2019 na FAURESMITH uit te reik.

Alle belangstellendes kan hul name vir Berna, La-lique of Manus gee.

Ons benodig 3 of 4 groterige voertuie om daarheen te gaan-reëlings vir brandstof sal getref word. Koffiebottels (droë kos), Bybels en ander nuttige items sal weer daarheen geneem word.



**KOM ONS DIEN DIE HERE OOK OP HIERDIE MANIER!!!**

## LEESROOSTER-OORDENKING VIR DIE WEEK: AMOS 8:1-12

### MAANDAG: GOD VRA WAT AMOS SIEN

Die inleidende verse van Amos 8 bevat belangrike mededelings: (i) Amos rapporteur dat die Here aan hom 'n gesig van 'n mandjie ryp vrugte gegee het; (ii) God vergesel die gesig met 'n vraag waarop Amos moet antwoord: "Wat sien jy, Amos?" Amos antwoord: "'n Mandjie ryp vrugte"; (iii) Die Here kondig aan dat die tyd vir Israel se oordeel ryp is (v 2)

### DINSDAG: DIE HERE NEEM 'N BESLUIT OOR ISRAEL SE LEWE

Koninkrykstyd herinner daaraan dat God as koning oor die nasies heers. Sy heerskappy daag ons uit om te besin oor God se wese en die manier waarop Hy regeer. Amos 8 beklemtoon God se erns oor hoe sy verbondsvolk lewe. Hy lê 'n eed by Homself af oor wat hulle gedoen het. God vergeet nie hul optrede nie (v 7). God neem jou ernstig op!

### WOENSDAG: GOD VERWAG VAN ONS OM MENSE IN NOOD RAAK TE SIEN

Die Seisoen van Menswaardigheid wek ons op om ander mense raak te sien en met deernis, liefde en ontferming te behandel. Die Here kla juis sy verbondsvolk in Amos 8 aan omdat hulle mense in nood vertrap en eerder wil uitroei (v 4). "Julle verkoop arm mense vir geld, behoeftiges oor 'n paar sandale ... " (v 6). Wat laat God jou sien?

### DONDERDAG: ONS LEER OM ANDER MET DEERNIS TE VERSORG

Die Here se aanklag teen Israel in Amos 8 spreek tot ons. Ons staan nie onskuldig nie. Daarom moet ons geloofsgewoontes inoefen wat indruis teen ons neiging om behoeftiges se nood te misken. Oorweeg geloofsgewoontes wat dit jou prioriteit maak om na ander uit te reik. Oefen om fiks te word ten opsigte van gee en sorg en ondersteun. Wie laat God jou sien?

### VRYDAG: ONS LEER OM DIE BESTE DEEL TE KIES

Lukas 10:38—42 gee perspektief op lewenshouding, diensbaarheid en keuses. Twee susters, Marta en Maria, verteenwoordig twee ingesteldhede ten opsigte van die lewe en prioriteite vir sinvolle bestaan. Hulle ingesteldhede ten opsigte van die lewe en prioriteite vir sinvolle bestaan. Hulle ingesteldhede kom na vore in hulle optrede teenoor Jesus. Jesus beantwoord die beswaar van die bedrywig-sorgsame Marta met 'n vermaning: " ... maar een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies..." (42)

**Dankoffers** Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra! Ons vra dat ELKE lidmaat getrou sy/haar dankoffers sal bydra. Wil jy nie dalk oorweeg om jou aftrekorder vir 2019 aan te pas nie? Dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom. Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg. Neem asb u lidmaatsnommer saam wanneer u daarvoor gaan reël. NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatsnr **Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.**

## RINGSBESOEK VAN DS HENDRIK EN ELIZE VAN ZYL: 20 TOT 30 AUG 2019.

Alle belangstellende vriende genooi na die volgende op **Sondag 25 Aug:**

**Oggenddiens** gelei deur ds Hendrik van Zyl te **Heuwelsig** gemeente om **9h30**

1. **Kuier en middagete** geniet met Ds Hendrik en Elize van Zyl te **Heuwelsig**-gemeente (17 Gilles vd Wallst) om **11h30**. Indien u die ete bywoon, bevestig asb met **Frances Wessels (0514365218 / 0828226185 / wesselsfrances@gmail.com)** bevestig voor 20 Aug asb. Sy koördineer die ete en sal laat weet wat jul bydrae vir die ete kan wees.
2. **Namibië taakgroep** vergadering dieselfde dag, 25 Aug 2019 om **16h30 - 17h30** in die saal van **Heuwelkruin** NG Gemeente (Lucas Steynstraat) sal plaasvind. Ds Hendrik en Elize van Zyl sal DV ook die vergadering bywoon.
3. **Aanddiens** gelei deur ds Hendrik van Zyl te **Heuwelkruin** gemeente (Lucas Steynstraat) om **17h30**

As julle vir hulle wil uitnooi om juisself, jul Bybelstudiegroep, gebedsgroep of omgee-groep ens te besoek, kontak my (Jeanet Conradie 0827701108 / [conradj@ufs.ac.za](mailto:conradj@ufs.ac.za))

## KLEINGROEPBEDIENING

Enigien is welkom om by enige van onderstaande groepe in te skakel

### BYBELSTUDIES:

- Dinsdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Marietjie Janse van Rensburg 083 285 2412  
09:00 Bybelstudie—Hermine Watson 082 819 9623  
18:00—19:00 Bybelstudie (Blok O)—Fanie Snyman 082 780 8039
- Woensdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Donderdag:** 09:30 Boek-vir-Boek Bybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Vrydag:** 08:30 Vrouebybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916

### OMGEEBEDIENINGS:

- Maandag:** 16:00 Gebedsgeleentheid—Christine du Toit 073 413 7790  
19:00 Omgeegroep—Jannie Botha 084 294 8540
- Dinsdag:** 07:30 Omgeegroep (Manne) Ebben van Zyl 082 829 6170  
18:00 Omgeegroep (Blok M) Robbie Robbertze 082 808 0170 (elke 2e week)  
18:00 Omgeegroep (Blok D/G) Johannes Beckmann 079 883 9743  
18:00 Omgeegroep (Blok C) Christa Mitchell 083 302 0430  
18:30 Omgeegroep (Blok B) Johan Lamprecht 083 262 1419  
18:30 Omgeegroep (Blok H/I) Ds Mauritz 079 895 3916  
19:00 Omgeegroep (Blok J/K) Johann du Toit 082 467 5027  
19:00 Omgeegroep (Algemeen) — Dr Charles Mitchell 079 895 3911  
19:00 Omgeegroep (Dames) Ina Visser 083 407 1515  
19:00 Omgeegroep (Mans) Jacques Olivier 082 807 2523
- Woensdag:** 14:30 Naaldwerkgroep—Clasina Theunissen 072 759 1732  
15:00 Omgeegroep (Blok L)—Piet Heckroodt 082 410 6072
- Donderdag:** 18:30 Selgroep vir Jongvolwassenes—Elna de Waal 082 550 9916
- Vrydag:** 12:00 Afgetrede manne—Louis van Biljon 081 304 2712